

14 Oktober

Skrifgedeelte: Johannes 8:28-36
Fokusgedeelte: NGB, Art 24

Die geloof bevry van verslawing aan sonde

Piet, ons budjie, was sy lewe lank in 'n kou. In daardie koutjie het hy geslaap, gesing, met sy spieëlbeeld baklei en saad gepik. Toe ons hom in 'n groot hok vrylaat kon hy aanvanklik glad nie vlieg nie en het op die grond in sirkels, presies so groot soos sy kou, beweeg. Mense is net so. Jy weet nie wat vryheid is voor jy dit verloor nie, en jy weet ook nie hoe erg jou slawerny was voor jy daarvan bevry is nie.

Die Jode in ons Skrifgedeelte het byvoorbeeld gedink hulle is vry. Vryheid was dalk vir hulle 'n politieke begrip of miskien die gedagte dat hulle nie in ruil vir geld aan 'n ander persoon behoort het nie. Hulle was gewoon en tevrede om in sirkels binne die tralies van hulle tradisie en die wet te beweeg. Die vryheid waarvan Jesus praat het ver, ver bo hulle gedagtes of begeertes uitgegaan.

Aan die kruis BREEK Jesus Christus die mag van die sonde. Omdat Jesus namens ons die wet van God ten volle vervul, maak God jou vry van sonde. Nie meer gehoorsaamheid aan die wet nie, maar geloof in Jesus Christus bepaal nou jou lewe as kind van God.

Die blydskap om in sulke ewige sekerheid te kan lewe, kweek dankbare liefde. Kom dus! Hou op om in die eng sirkels van sonde te beweeg. Dit is nie meer nodig om angsvallig, wetties te leef nie. Laat nuwe ywer om God as sy ewige kind te dien en te eer jou lewe vul! Gee op nuwe, eietydse maniere gestalte aan jou liefde vir God. Jy is werklik vry! Vry met 'n vryheid wat uitstyg ver bo enige tradisie, gewoonte of wet.

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)